# Pierneef
# Gemeente
# Die Boodskapper
# 21 Januarie 2024

## *9:00 Erediens*

***Prediker:*** *Ds Tjaart Venter*
***Teks:*** *Matt 6: 24-33*

***Teebeurt:*** *Wyk A*

(Wyk A) se Ouderling: Hennie Smit:

Sluit in: 18de & 19de Laan, Talanastr, Momberg & Kerkenbergstraat)

***Kinderkerk, Kategese en Belydenisklas begin vandag. Kategese en Belydenisklas kry vir Sandra na die diens in die konsistorie vir iets om te eet en drink!***

**Nuwe lidmate**

Ons nooi nuwe lidmate om asb na die erediens tot voor die kansel te kom waar ons u graag wil ontmoet. In die voorportaal is ook vorms beskikbaar wat u kan voltooi sodat ons u vinnig kan leer ken.

Lidmate wat ’n besoek verlang kan gerus die kerkkantoor kontak of kom inloer om ’n afspraak te maak.

**Verwelkoming van nuwe lidmate**

Lidmate wat belangstel om deel te vorm van die verwelkomingskomitee (om nuwe lidmate en besoekers in die gemeente te verwelkom) moet asb vir Steve vandag na die erediens voor die kansel kry!

# Verjaarsdae

| | | | |
|---|---|---|---|
| 21/01 | Me | Elsie | Botha |
| 22/01 | Mev | Helanie | Reitz |
| 22/01 | Mnr | John | Sharp |
| **23/01** | **Mev** | **Hannetjie** | **Britz** |
| 23/01 | Mnr | Nico | Frouws |
| **23/01** | **Mev** | **Nerina** | **Krige** |
| 24/01 | Me | Elana | Grebe |



# Voorbidding

*Januarie fokus ons op Gebed! Ons week van gebed is die laaste week van die maand. Met dit in gedagte, kom ons gebruik hierdie hele maand om erns te maak met ons gebedslewe. Hier is 'n paar riglyne om te volg:*

**A. FOKUS OP GOD**

· Lees vir die volgende paar weke deur 1 Pet 1: 1-9 en 2 Pet 3: 1-17 totdat alles vir jou "lewend" word.

- Luister aandagtig na wat God hiermee vir jóú en ook vir Sy kerk wil sê.

**B. VERANDER MY LEWE**

· Bid telkens dat die Heilige Gees Sy Lewende Woord op jou hart sal skryf en in jou gedagtes sal vaslê.

**C. GOD SE KONINKRYK**

***"God het nie Sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word"***

***– 1 Joh 3:17***

· Verbind jou daartoe om vir die volgende s weke volhardend te bid vir die redding/bekering van mense wat die Here op jou hart lê.

· Gebruik God se woord (wat lewendig en kragtig is) om te bid vir mense in spesifieke situasies.

- Wees in die eerste plek oop om te hoor of daar dinge in jóú lewe is waarvan die Here wil hê jy jou moet bekeer.Liefdeloosheid, selfsug, gierigheid, louheid in jou verhouding met God, onvergenoegdheid, onvergewensgesindheid, ens .

1. Bid vir iemand wat die evangelie ken maar nie in ‘n lewende verhouding met God lewe nie - Ef 1: 17 en 18.

2. Vir iemand wat ongered is - Openb 3: 20.

3. Vir iemand wat mislei word of wat ‘n valse godsdiens beoefen - 2 Kor 4: 3 en 4 en 1 Tim 2:3 en Joh 8: 32

4. Vir iemand wat vasgevang is in die strik van Satan - Kol 1: 13 en 14.

**D. VOORBIDDING**

· Gebruik elke week die afkondigingsblad om te bid vir spesifieke mense se behoeftes.

- Vra ook dat die Here jou hart sensitief sal maak sodat jy kan bid vir die behoeftes/nood van mense wat Hy op jou hart wil lê.

· Gebruik ook die afkondigingsblad en die gemeente-kalender om te bid vir die aktiwiteite in die gemeente.

· Bid vir die verskillende bedieninge van die gemeente en spesifiek ook vir die bedieningsleiers (agter in die kalender).

- Dat die fokus op God se Koninkryk sal wees en om Sy wil en leiding in alles te soek.

## Lief en Leed:

- Jason Herbst wat in die hospitaal is. Hy is baie ernstig siek en in ‘n koma.
- Annetjie Kok wat sukkel met verskeie gesondheidsprobleme. Sy was onlangs in die hospitaal.
- Christo Kok wat kanker het (Tannie Annetjie se seun). Hy gaan 22 Januarie vir verdere toetse.
- Al die kinders en onderwysers wat binnekort weer terugkeer skool toe.
- Carol van der Westhuizen wat haar arm gebreek het

***BAIE GELUK!** aan die volgende 2 leerlinge met hulle matriekuitslae:*

***Simone Jacobs (8 onderskeidings) en Sonja Groenewald (2 onderskeidings)***

## Dorkas se Kombuis

DUISENDE DANKIES aan elkeen vir dit wat ons reeds in 2024 kon vermag.

38 pakkies is op die eerste dag van die skooltermyn by RHS afgelaai. Daar was o.a ‘n 900g blik appelkoos konfyt vir skool broodjies.

**Dankie** aan die Moot Sorgsentrum wat ons voorsien het van ‘n groot pakkie kerrie speserye wat ons saam met die soya kon uitdeel. ‘n Bederf in die pakkies was “whole kernel sweet corn”. ‘n Lekkerte saam met die soya en kerrie. **Dankie** dat ons kon help met 5 CASIO scientific calculators vir die Choose Life 2024 Back to School Supply Drive. R 260-00 vir een sakrekenaar i.p.v R 360-00!!!!!!!!!!!!

**Dankie** ook aan familie wie ek kon nader en wie ‘n bydrae tot die sakrekenaars gemaak het.

**Dankie** vir die R100-00 sakgeld wat ons vir die leerder kon gee om saam te neem op haar Gr 8 kamp. Julle sal onthou dat Dorkas kon help om ‘n gedeelte van die kamp te betaal.

**Dankie** vir die R100-00 wat ons vir Messe kon gee (ons regterhand wie ons altyd help, trollies stoot en pak by Kitkat). Die geld is gegee om hom instaat te stel om Pta Wes, na die Polisie Kollege te gaan, om ‘n aansoek te gaan voltooi.

BLESSINGS, BLESSINGS, BLESSINGS IN OORVLOED!!!!!!!!!!!

***Mooi loop die week.***

**Bankbesonderhede: M Janeke: Capitec Spaarrek nr: 1651207613**

## Kinderkrans (Vrydae 14:15)

Ons nooi al die Laerskoolkinders uit om Vrydae saam ons te kom leer van Jesus, te speel en sommer net te kuier! Ons skop die 26ste Januarie af met 'n poppekas. Vandaar sien ons mekaar elke tweede week. Hou gerus die kalender dop vir meer detail!

## Vars produkte by die kerk te koop

Heel hoenders, asook braaipakke en boudjies & dye is Sondae na die diens en tydens kantoorure teen R60 'n kilogram beskikbaar.

Vars plaasbotter - R70 vir 500g houer is ook beskikbaar.


Die kerk verkoop ook **FARINA** hondekos – R100 vir 'n 8 kg sak en R275 vir 'n 25 kg sak.

## Blomme en Liturgie

Die blomme en liturgie span lewer 'n diens aan die gemeente elke Sondag, indien jy belangstel om deel van ons span te word , kontak my asb of ontmoet my na die diens voor die kansel. Om blomme in die kerk te sit en kreatief te wees in die liturgiese ruimte is 'n besondere gawe en diens wat jy vir die gemeente lewer. – Yvonne (0844333921).


## Advertensie

Twee Slaapkamer woonstel beskikbaar vanaf 1 Februarie 2024. Garrett Gardens Dormerstraat Queenswood.
Mooi uitsig vanaf 6e vloer.
Naby Eduplex, en Huis Herfsblaar.
Navrae 073 239 1332

**Kantoorure:** Ma, Wo & Vr, 8:00-16:00

**Sel:** 072 137 4407

**Epos:** kantoor@ngkpierneef.co.za

**Bankbesonderhede:** NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845

**Leraar:** Ds Paullet Grobler (076 841 1568)

**Gemeente-Sekretaris:** Cecile Botha (072 137 4407)

**Jeugwerker:** Sandra Berger (061 930 6540)

ngkpierneef.co.za

Pierneef Gemeente